# ONDERHANDEL

# en demokrasie in Suid-/

**In die opwindende en oorwinnende tye waarin ons leef het baie progressiewe mense al half meganisties begin dink dat onderhandelinge noodwendig tot 'n demokrasie in Suid-Afrika sal lei.**

**ANDRÉ ZAAIMAN wys op 'n reeks struikelblokke in die pad van die demokrasie en argumenteer onder meer vir 'n verbrede intellektuele raamwerk.**

IN 'N onlangse artikel rondom die kwessie van nasiebou in 'n bevryde Suid-Afrika, skryf prof Johan Degenaar, die politieke filosoof van Stellenbosch, as volg: "Van Zyl Slabbert het verwys na die feit dat die sosiale en ekonomiese probleme van Suid-Afrika met toenemende intensiteit die kapasiteit van die huidige politieke raamwerk om dit aan te spreek, oortref het. Ek wil graag een stap verder gaan deur aan te voer dat ons probleme ook die huidige intellektuele raamwerk oortref het."

Komende van 'n gerespekteerde en kreatiewe denker soos Degenaar, is dit 'n verfrissende stelling wat beslis verdere aandag verdien in 'n politieke en intellektuele omgewing wat soms vasval in die (her)sirkulasie van muwwerige idees van Wes- en Oos-Europa. En indien ons werklik ernstig is met die skepping van 'n alternatief wat werklik demokraties is, dan behoort ons te erken dat Degenaar se stelling ook by implikasie verwys na die tekortkominge in die debat rondom die demokrasie wat in Suid-Afrika dikwels gebuk gaan onder konsepsuele armoede, oppervlakkige aannames, kontekstuele dislokasie en onoorspronklikheid.

In die opwindende en oorwinnende tye waarin ons leef, het baie anti-apartheid aktiviste en progressiewe mense ook al amper half meganisties begin aanvaar dat onderhandelinge noodwendig moet lei tot 'n demokrasie in Suid-Afrika. En hoewel dit duidelik is dat onderhandeling (en meerderheidsregering) 'n onontbeerlike stap in die proses is, is die demokrasie nie die noodwendige uitvloeisel daarvan nie. Die einde van wit oorheersing konfronteer ons met ons ondemokratiese, onregverdige verlede (die verlede word as 't ware ook bevry); in hierdie opsig kondig dit ook die stryd om demokrasie en sosiale geregtigheid op 'n direkte wyse aan.

In die geval van Suid-Afrika is daar duidelik sekere faktore wat die daarstelling van die demokrasie in post-apartheid Suid-Afrika bemoeilik.

Die intense sosio-ekonomiese ongelykhede en armoede as gevolg van jare-lange uitbuiting van swart Suid-Afrikaners deur kapitalisme, kolonialisme en apartheid, het veroorsaak dat swart Suid-Afrikaners onrealistiese verwagtinge koester ten opsigte van bevryding. Hierdie probleem is vererger deur die wyse waarop organisasies soos die UDF in die verlede politiek bedryf het: te veel klem op massa-mobilisasie en te min op politieke skoling.

Die gevolg hiervan is 'n hoogs-gepolitiseerde massa met 'n beperkte politieke skoling wat moes staatmaak op die interpretasies van 'n relatief klein groepie aktiviste. Hierdie probleem is op sy beurt weer vererger deur onderdrukking en die gebrekkige opvoedingstelsel in veral swart skole.

Die skaal en omvang van die apartheidserfenis; die hoë verwagtings van die bevolking en die duidelike onvermoë van 'n nuwe regering om in veral die kort termyn hierdie probleme suksesvol en betekenisvol te oorkom, mag en sal waarskynlik lei tot sosiomaatskaplike onrus na apartheid. Waar die volgende regering (waarskynlik die ANC) opponente aan die linkerkant sal hê (die PAC en afhangende van sy strategiekeuse, selfs die SAKP) waar ontevredenheid en onrus die ekonomiese probleme mag verskerp, kan die volgende regering dalk besluit dat dit "in landsbelang is om stabiele regering te verseker en wet en orde te handhaaf".

DIE probleem van welvaartherverdeling (of in baie gevalle restorasie) en geregtigheid binne die bogenoemde konteks word verder gekompliseer deur die beperkinge wat die ontwikkeling van die wêreld as "global village" op post-apartheid Suid-Afrika plaas. Geen land kan in die moderne tyd homself isoleer van die wêreldkonteks nie.

Op ekonomiese gebied beteken dit die bedinging en verkoop van Suid-Afrikaanse produkte op 'n internasionale mark wat op kapitalistiese beginsels opereer. Hierdie dilemma plaas nie net bepaalde beperkings op die interne ekonomiese produksiewyses van die land nie, maar stel ook duidelike parameters waarbinne ekonomiese hervorming en herverdeling kan plaasvind.

In die lig van die feit dat swart Suid-Afrikaners kan en gaan aandring op betekenisvolle grondherverdeling en die beperkinge wat die internasionale en nasionale kontekste op hierdie eise plaas, kan hier dalk 'n versoeking sy kop uitsteek om die probleem op 'n outoritêre manier aan te spreek wat nie geïgnoreer kan word nie.

Binne die raamwerk van die bestaande "teorie van transisie" soos uiteengesit in Philippe Schmitter en Guillermo O'Donnell se vergelykende studies rondom hierdie onderwerp (met inagneming van die beperkte toepasbaarheid daarvan op ons situasie), word daar verwys na die belangrikheid van die sogenaamde "ondemokratiese pakt" wat in die oorgangsproses gemaak word.



Die Pretoria-beraad

In Suid-Afrika se geval kan daar op die oomblik dus verwys word na die "ondemokratiese pakt tussen die ANC en die NP-regering". Dit is ondemokraties in die sin dat baie van die ooreenkomste geheim gehou word en dat dit gemaak word sonder dat hul gevolg betekenisvol geraadpleeg word.

Maar, met konkrete en empiriese waarnemings en verwysings, stel Schmitter en O'Donnell ons telkens gerus dat in die onlangse geskiedenis verskillende grade van demokrasie dikwels uit sulke ondemokratiese pakte voortgespruit het. Dit is dus duidelik ook moontlik om 'n demokrasie sonder die aanwesigheid van demokrate te produseer!

Behalwe vir die feit dat Schmitter en O'Donnell ondubbelsinnig waarsku dat die

G

# NG

# frika

‘ Daar is faktore wat voortdurend die commitment van beide akteurs tot die demokrasie sal beproef, uittart en ondermyn. ’

totstandkoming van 'n politieke demokrasie via transisie in die meeste gevalle gelei het tot die bevriesing van die sosiale en ekonomiese ongeregtigdhede en ongelykhede van die samelewing, kan die "ondemokratiese pakt" in die Suid-Afrikaanse konteks moontlik verdere gevare vir die bereiking van die demokrasie inhou.

Alhoewel Schmitter en O'Donnell melding maak van die feit dat baie van die lande wat



oreding en devolusie van die onderhandelingsproses behoort 'n prioriteit te wees.
foto: PRETORIA NEWS

'n suksesvolle transisie kon deurvoer 'n sosiale geheue van demokrasie gehad het (die outoritarisme was as't ware 'n onderbreking van die demokrasie), bly die grootste komplikasie in Suid-Afrika se geval die feit dat beide hoofakteurs opgevoed is deur ondemokratiese ideologieë (die NP deur Afrikaner/"Christelik" Nasionalisme en die ANC deur die tot onlangse Stalinistiese interpretasie van die Marxis-Leninisme van die SAKP).

Daar bestaan weinig twyfel dat die belangrikste en by verre die invloedrykste denkers in die ANC vanuit die SAKP kom. Hierdie party het 'n baie belangrike bydrae tot die vestiging en oorlewing van die idee van nie-rassigheid in die Suid-Afrikaanse politiek gemaak, maar terselftertyd is die Stalinistiese verlede en outoritarisme van die SAKP welbekend. Hierdie kultuur het noodwendig ook by die ANC inslag gevind, veral by die grassroots ondersteuner wat op 'n daaglikse basis met die tirannie van apartheid gekonfronteer is.

Daarbenewens het beide politieke akteurs hulself jarelank daarop toegespits om interne ideologiese hegemonieë (in baie gevalle gebaseer op onverdraagsaamheid en eksklusiwiteit) te skep.

Die skepping van strukture wat op dominasie en outoritarisme teer, die verknogtheid aan mag, die ongekende en intense onderdrukking van die ANC, die veranderde internasionale konteks ten opsigte van Oos-Wes en die verswakking van veral die ANC se magsposisie as gevolg daarvan, die oorbeklemtoning op internasionale bondgenote, die wydlopende en heterogene klasbasis van die populistiese ANC, die gebrek aan burokratiese vaardigheid van die ANC in teenstryd met die hoë tegnokratiese (en repressiewe) vermoëns van die huidige burokrasie, is alles faktore wat kan bydra tot 'n situasie van vrede ten alle koste en/of kan meewerk tot die voorsetting van outoritarisme in post-apartheid Suid-Afrika.

OM DUS op te som: beide die hoofakteurs (ANC en NP), het hulself in die openbaar verbind tot die daarstelling van die demokrasie. Die mense van Suid-Afrika het op hierdie stadium geen rede om die integriteit en erns van sodanige openbare verklarings in twyfel te trek nie. En, as ANC-lid sal ek ook sterk wil argumenteer dat die ANC 'n groter aanspraak het op die titel "draer van die demokratiese ideaal" (in uiters beproewende en moeilike omstandighede) as enige ander politieke opponent.

Maar, ek wil ook argumenteer dat daar faktore is, beide subjektief en objektief, wat voortdurend die commitment van beide akteurs tot die demokrasie sal beproef, uittart en ondermyn.

Dit is duidelik dat die verbreding en devolusie van die onderhandelingsproses 'n prioriteit behoort te wees. Hierdie devolusie moet plaasvind van die nasionale tot die plaaslike vlak, en ook van die stedelike na die landelike terrein. Dit is te gevaarlik om onderhandelings alleen in die hande van De Klerk en Mandela te laat. En veral op die plaaslike en landelike vlakke, kan ons nie meer bekostig om in die algemeen te fokus op gesprek en onderhandeling nie, maar moet daar 'n sterk fokus wees op die gesamentlike oplossing van veral die sosio-ekonomiese probleme as raamwerk vir politieke gesprekke.

Dit is noodsaaklik om ook ander, komplementerende en in baie gevalle verwaarloosde areas, velde of fasette te ontgin in die soeke na oplossings vir die uitdagings van die toekoms. Dit is dan juis op hierdie punt waar die bepaalde politiek-ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika, die strewe na die vestiging van die demokrasie in die praktyk en die noodsaak van 'n verbrede intellektuele raamwerk (as verwaarloosde, onontginde of ideologies-verwurgde area) mekaar kruis. Ons moet ook aandag skenk aan die ideële, die ideologiese en die intellektuele fasette van die toekoms.

Daar is 'n "nuwe werklikheid" aan die ontwikkel en in Johan Degenaar se stelling is daar die duidelike waarskuwing dat die realiteit in Suid-Afrika onder ons begripsveld kan uitskuif. Ter wille van die demokrasie kan ons nie langer met ou oë na hierdie nuwe werklikheid kyk nie.

**André Zaaiman is die streeksdirekteur van Idasa in Pretoria.**